# BERGenBAAI

**NG KERK CONSTANTIA/HOUTBAAI** **Eerste Uitgawe — April 2009**

## IN HIERDIE UITGAWE:

**Ons gesels met Milton Kirsten**
**Wildspastei met soetpatats**
**Constantia Webtuiste**
**Herdenking van Calvyn - 500 jaar**
**Jeanne Els besoek ons**
**Kom rus ... kom retraite saam met ons!**
**Constantia Jeugnuus en program**
**Dankofferveldtog**
**Houtbaai Erediens**
**Omdat ons klein is ...**

## 40 FEES HERINNERING:

Wil jy graag 'n CD koop as herinnering van ons 40jarige fees van die gemeente? Dit kos slegs R10 en alhoewel dit nie professioneel gedoen is nie, is dit beslis die moeite werd. Bestellings kan by die kerkkantoor geplaas

## Die belydenisklas 2008 v.l.n.r:

Tinus Botha, Donavan McHendrie, Charl Everts, Tanya de Jongh, Suzaan Swart, Yolandi Combrinck, Dricky Myburgh, Charissa van Aswegen, Marize Collins, Camalita Cloete, Ylicia Flink, Marla Bester en Wilman Grobler.
**Baie geluk aan hierdie nuwe lidmate van ons!**

## GEBEDSKONFERENSIE:

Ek was baie bevoorreg om onlangs 'n Gebedskonferensie te kon bywoon. Liewer as om daarvan verslag te probeer doen, wil ek net 'n paar van die gedagtes wat daar geopper is en by my bly vassteek het, noem:

* Daar hoef nie altyd iets te gebeur wanneer ons besig is om te bid nie. Dit gaan nie om wat gebeur nie, maar om by Hom te wees.

* Ek moet luister na die gebed wat Christus in my bid (en daarby aansluit).

* Ons moet minder verskonings maak waarom ons nie bid nie, of nie meer tye bid nie, of nie hardop bid nie, en BID.

* Dit is 'n dissipline wat nie vanself of altyd maklik kom nie en wat aangeleer en ingeoefen kan en moet word. Later kom dit makliker.


*Mense het wel sekere voorkeure en vir party kom dit makliker, maar niemand is verskoon of uitgesluit van die roeping en voorreg van gebed nie.

Ek hoop regtig dat jy ook vanjaar tydens Pinkster saam met ons gaan kom bid.

Ds Uys Theron



# ONS PRAAT MET ... MILTON KIRSTEN:



Milton Kirsten het groot geword op die familieplaas van die Kirstens, Pollsmoor, in die jare voor en gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Vandag staan die Pollsmoor Gevangenis op 'n groot deel van hierdie grond, so ook Zwaanswyk kerk, en die voorstad Kirstenhof op die res. Die wêreld in hierdie omgewing het natuurlik nie in daardie jare so gelyk soos vandag nie. Dit was grotendeels landerye met die plaasgeboue en dan 'n paar klein winkeltjies op die Hoofweg. Daar was 'n drankwinkel wat aan die Kirstens behoort het in Hoofweg en in Pollsmoorweg was daar 'n slagtery. Die kliniek in Westlake was toentertyd 'n teringhospitaal.

Milton se familie was nou betrokke by die verandering in die omgewing. Sy oupa en oupagrootjie het deelgehad aan die afstigting van die Retreat gemeente van Wynberg in 1930. Die naam het in 1961 verander van Retreat-gemeente na Zwaanswyk. Eerwaarde Wiesner was die oorspronklike predikant vir Retreat. Milton het nog twee silwerkollekte borde in sy besit met die inskripsie wat aandui dat die borde deur sy oupa W Ferdinand Kirsten aan die gemeente geskenk is op 4 Junie 1932. Dr Bruckner de Villiers, een van die latere predikante, was 'n uitsonderlike man gewees, 'n baie geleerde man en iemand vir wie Milton groot agting gehad het. Sy pastorie was die huis in Glen Alpineweg wat later as pastorie gedien het vir Constantia se predikante.

Op die hoek van Tokai- en Hoofweg waar die winkelsentrum vandag staan was daar 'n sendingkerk en 'n Kleurlingskool. Milton se oupa en oupagrootjie het albei bygedra vir die bou van die skool. In die area agter die skool en die kerk het die huise van die plaasarbeiders gestaan. Een van die strate daar is na Milton vernoem. Die huurgeld vir die huisies was indertyd 1/6 tot 2/6 gewees. In vandag se geld sou dit 15c tot 25c wees, hoewel die geldwaarde heelwat meer is. Aan die oorkant van die pad waar die Blue Route winkelsentrum vandag staan was daar klein-hoewes gewees. In 1939 het die regering die boonste deel van die plaas van die Kirsten familie gekoop om te gebruik vir 'n militêre kamp as basis vir soldate oppad na Egipte. In 1948 het Milton se pa die polisiestasie in Pollsmoorweg, Kirstenhof laat bou. In 1996 is die laaste deel van die plaas verkoop.

In Milton se grootwordjare was Hoofweg die hoofroete tussen Wynberg en Simonstad. Milton en sy maats het Sondagmiddae met hulle fietse 'n sirkelroete gery in Tokaiweg op verby Uitsig, met Spaanschematweg af en dan af in Ladies Mileweg, toe ook nog alles grondpad. Op 'n Saterdagoggend kon Milton met sy 1/- (12 pennies) sakgeld 'n kaartjie vir die oggend-vertoning in Muizenberg se bioskoop koop vir 8d. Dan het hy en sy maats 'n keuse gehad óf hy koop 'n retoerkaartjie vir die treinreis soontoe en terug vir 4d óf hy en sy maats stap Muizenberg toe en terug en hou die 4 pennies vir lekkers.

Milton se familie het hoofsaaklik met groente geboer, van Pollsmoorweg tot Tokaiweg na Westlake was alles onder groente. Milton se pa het ook 'n tweede plaas in Strandfontein bekom waarop daar met tamaties geboer was met soveel sukses dat hy mettertyd bekend gestaan het as die tamatiekoning onder die groentehandelaars op die mark. In 1947 was die tamaties wat vir die Britse koninklike gesin op die wit trein voorsien is afkomstig van H Kirsten se plaas.

Vroeër jare was die groente op perdewaens gelaai en oornag aangery na Soutrivier se mark. Later het 'n 1928 Chev vragmotor die werk gedoen en toe was dit nie meer nodig om oornag te ry nie, die vragmotor kon vroeg in die oggend mark toe vertrek. 'n Groenteboerdery is baie arbeidsintensief en die plaas se arbeiders het in Kirsten Cottages gewoon langs die Hoofweg. Milton bly nog steeds in kontak met van die mense saam met wie hy grootgeword het wat in hierdie huisies gebly het.

Milton het sy laerskooljare in die Retreat skooltjie skoolgegaan, dieselfde gebou wat vandag nog buite Retreatstasie te sien is, en was in Jan van Riebeeck vir sy hoërskooljare waar hy in die koshuis gebly het. Hy het reeds op laerskool rugby gespeel. Op hoërskool het Danie Craven hom raakgesien en 'n groot loopbaan vir hom voorspel as heelagter, maar 'n besering op die rugbyveld het sy rugbyloopbaan beëindig. Hy het in 1957 vir WP begin tennis speel en tot in 1997 provinsiale tennis gespeel. In die vroeë tagtigs was hy die kaptein van die veterane span en in 1994 sou hy Suid-Afrika in Orlando, VSA verteenwoordig in die veterane Wêreldkampioenskap toernooi, maar weens 'n kniebesering moes hy onttrek.


Hoewel Milton in die Suid-Skiereiland groot geword het het hy in later jare baie tyd op ver paaie deurgebring. Na sy studies het hy eers vir United Paints in Paardeneiland begin werk, en daarna by dieselfde Bruckner de Villiers wat voorheen sy predikant in Retreat was en wat intussen 'n versekeringsmakelaarsbesigheid begin het. Na om-trent 'n jaar en 'n half by Bruckner de Villiers is Milton 'n baie aantreklike pos by IGI in Johannesburg aange-bied. In 1960 het hy die tak in Bloemfontein gaan oopmaak en in 1965 het hy teruggekeer Kaapstad toe.


Hoewel nou afgetree is Milton nog steeds betrokke by diens aan die gemeenskap en neem hy nog graag aan sport deel soveel as wat sy gesondheid dit toelaat.

# VRIENDEKRINGFUNKSIE:

# Project WILDSFEES

**Die Vriendekring (die voormalige Seniors) word hartlik uitgenooi na ‘n wildsfees!**
**Kom smul saam aan ‘n heerlike wintersmaal**
**(onder andere wildspastei en soetpatats)**
**en geniet die gesellige samesyn.**





**Wanneer? Vrydag 12 Junie 2009**

**Tyd? 12:00**

**Waar? NG Constantia Kerksaal**

**R.S.V.P Magda**
**021 712 1682**



# CONSTANTIA WEBTUISTE:

Constantia se webtuiste is nou alreeds 'n goeie 6 maande aan die gang. Dit probeer om 'n vertoonvenster te wees vir ander wat ons nie ken nie, sowel as om 'n inligtingsdiens vir ons eie mense te wees.

Die week se *Preek* en *Bulletin* word sover moontlik elke week op die **Tuisblad** beskikbaar gestel met 'n skakel na die argief vir vorige weke se uitgawes. *Belangrike gebeure* word op hierdie blad aangekondig, die *Jeugblad* is daar te kry en die *Seisoen van die Kerkjaar* word bekendgestel.

Onder **Gemeente-opset** word meer oor die gemeente self verduidelik met ondermeer die kerkkantoor en wyksraadslede se kontak inligting. 'n Google kaart is ook daar onder die titel *Waar is ons?* Met 'n bietjie geduld en manipulasie van die kaart kan jy ook jou eie huis vanuit die lug beskou.

**Gemeentelewe** vertel meer oor die *Aksiespanne* en waarmee hulle hulle besig hou en *Toerustingsgeleenthede* en *Kampe* en uitstappies word aangekondig.

Daar is 'n eie blad vir die **40e verjaarsdagviering** en ook vir **JAO** en die **Biblioteek**. In ons **Foto-album** is daar 'n hele paar albums om van te kies, onder andere die kinders se *Kersspel* van verlede jaar en fotos van ons *40e fees*.

Gaan kyk gerus na ons webtuiste op:
http://ngkconstantia.za.net/

Indien daar enigiets is wat jy voel nog kort op hierdie webtuiste laat weet ons dan asb by
werfbesem@gmail.com

# 500e herdenking - CALVYN - 10 Julie 2009



Johannes Calvyn (in Frans, Jean Cauvin) (1509-64), word gereken as die belangrikste leier in die tweede geslag van die Hervorming. Sy invloed het ver gestrek sodat ons die tradisie in die Protestantisme wat hy geskep en gesistematiseer het vandag na hom vernoem as Calvinisme. In sy kort lewe van 55 jaar het hy verbasend baie verrig. Hy was 'n charismatiese leier met 'n briljante intellek en 'n gawe om duidelik uitdrukking te gee aan sy idees. Nogtans was hy 'n terughoudende mens wat nie oor homself gepraat het nie. Daar is dus nie veel bekend oor sy persoonlike lewe nie.

Hy was 'n Fransman gebore op 10 Julie 1509 in Noyon in Pikardie. Sy moeder, Jeanne Lefranc, was 'n godsdienstige vrou wat hom en sy broers streng in die Rooms Katolieke tradisie groot gemaak het. Sy vader, Gérard Cauvin, het hoë verwagtinge van sy seuns gehad en veral van die skrander Johannes. Hy het hulle aldrie vir die priesterdom bestem.

Johannes het vroeg reeds bewys dat hy aan sy vader se ideale vir hom sal voldoen. Hy was altyd 'n skrander en pligsgetroue student en word as twaalfjarige as klerk deur die biskop in diens geneem en sy hare word in die tradisionele styl van priesters geskeer om sy toegewydheid aan die kerk te versinnebeeld. In 1523 word hy na Parys gestuur na 'n kollege vir die sosiale wetenskappe om sy eerste graad te behaal. Na hy sy meestersgraad ook verwerf het verander sy vader van plan en stuur hom na Orléans om verder in die regte te studeer omdat hy meer geld as 'n prokureur sou maak. Na sy vader se dood keer hy terug na die Universiteit van Parys. Hy het hom gou op die hoogte van sake gebring met die metodes van die humanisme en later het hy dit gebruik “om die humanisme te beveg”.

In Parys het die jong Calvyn met Luther se werk kennis gemaak. Omstreeks 1533 het hy skielik tot bekering gekom: ”God het my hart onderwerp en nederig gemaak. Dit was meer verhard as wat by so 'n jong man verwag kon word.” Die presiese omstandighede van sy bekering is nie bekend nie. Hy het van die Rooms-Katolisisme weggebreek, uit Frankryk padgegee en in Basel gaan woon, op daardie stadium het heelwat Protestante hulle daar gevestig. Hy het sy teologie begin formuleer en in 1536 die eerste uitgawe van sy *Die Institusie van die Christelike Geloof* (beter bekend as die *Institusie*) gepubliseer. Dit was 'n kort, duidelike verdediging van die opvattinge van die Hervorming.



Guillame Farel (links), Hervormer van Genève, het Calvyn oorreed om die Hervorming daar te help vestig. In 1537 is al die stadsbewoners gevra om hul trou teenoor 'n Protestantse geloofsbelydenis af te lê en om die pous af te sweer. Die hervormings wat hy ingestel het was vir baie mense teveel en sterk teenkanting het daartoe gelei dat die stadsvaders vir hom en Farel in 1538 uit die stad verban.

Calvyn is na Straatsburg waar hy vir drie jaar as predikant optree vir 'n groepie Franse vlugtelinge. In 1539 trou hy met Idelette van Bure en in dieselfde jaar verskyn sy kommentaar op die boek Romeine. Baie ander kommentare het gevolg. Hy het ook 'n nuwe uitgebreide weergawe van die *Institusie* die lig laat sien.

Intussen het die sosiale toestande in Genève so versleg dat die stadsvaders Calvyn weer in September 1541 vra om terug te kom. Die stadsraad het sy hersiening van die stadsregulasie aanvaar, maar baie bitter geskille het gevolg. Calvyn wou hê elke burger moes onder die morele dissipline van die kerk staan. Baie het hulle natuurlik teen die beperkinge verset – veral omdat dit deur 'n buitelander opgedwing is. Calvyn het hom hierna daarop toegelê om die kerk tot volwassenheid te bring – onder andere deur twee maal elke Sondag en drie maal gedurende die week te preek. Daar word bereken dat hy in hierdie tyd meer as twee duisend preke voorberei het. Sy skriftelike nalatenskap in Latyn en Frans beslaan 60 000 bladsye.

Calvyn het baie van sy kragte gewy aan die beslegting van geskille binne die Protestantisme. Die *Consensus Tigurinus* oor die Nagmaal (1549) het daartoe gelei dat die Duits- en Franssprekende kerke in Switzerland nader aan mekaar beweeg het. In 1553 is Michael Servetus, een van Calvyn se berugte teenstanders, en ook 'n kritikus van die opvatting oor die Drie-eenheid, in Genève in hegtenis geneem en verbrand. In sy latere jare was daar minder teenkanting teen sy gesag in Genève, sy invloed het uitgebrei en hy het internasionaal bekendheid verwerf as Hervormer.

In 1555 word sy aanhangers die meerderheidsparty in die stadsraad. In 1559 het een van sy wense in vervulling gegaan toe die Geneefse Akademie gestig is. Teologiestudente uit alle dele van Wes- en Sentraal Europa, veral Frankryk, het daarheen gekom. Hy het homself onvermoeid daarop toegespits om ook Frankryk 'n Protestantse land te maak, en hiervoor het hy voortdurend steun gesoek by belangrike figure in die politiek en samelewing. Dit was sy invloed wat daartoe gelei dat die Nederlandssprekende lande Protestantisme aanvaar het. Sy nalatenskap het gegroei en wortel geskiet ook in lande buite Europa, in Engeland, Suid-Afrika, Amerika en selfs Korea.

Hy het die opvattinge van die eerste geslag Hervormers aanvaar en dit weer toegepas. Sy werk is gekenmerk deur intellektuele dissipline en praktiese toepassing. Sy *Institusie* was eeue lank beskou as die klassieke uiteensetting van die Hervormingsteologie.



In 1542 sterf hulle enigste kind kort na geboorte en in 1549 sterf sy vrou, Idelette. Calvyn het nooit weer getrou nie. Hy self is beskryf as 'n streng man wat 'n eenvoudige lewe gelei het. Hy het net eenmaal 'n dag geëet en min geslaap. Sy vriende het by hom aangedring om minder hard te werk, maar sy antwoord was dat hy nie wou gehad het God moet hom ledig vind nie. Johannes Calvyn is op 27 Mei 1564 oorlede. Sy opvolger in Genève, Theodor Beza (foto) het van sy dood so gesê: "Op die dag, toe die son onder gaan, is hierdie skitterende lig van ons weggeneem."

## GESAMENTLIKE HEMELVAARTSDIENS

Die gesamentlike Hemelvaartdiens vir al die gemeentes in die omgewing vind DV vanjaar in Christ Church plaas.

Dit is die geskiedkundige klipkerk aan die bopunt van Ladies Mile. Dit begin die aand om 19h00. Kom ons woon dit in 'n groot getal by en demonstreer en beleef so ons eenheid as christene rondom die viering van Jesus se troonsbestyging.

Dit bekommer my soms dat die bywoning deur ons lidmate van dienste op ander plekke soveel swakker is as wanneer dit in ons eie kerkgebou plaasvind. God is mos darem daar ewe teenwoordig en Hy praat mos netsoseer deur ander predikers en in 'n ander taal? Of het ons al so gemaksugtig geraak dat selfs so 'n bietjie opoffering vir ons te veel is?
Dit KAN mos nie wees nie!

Ds Uys Theron

## FLIEKVLOOI- EN BOEKWURMAAND:



Ons het hierdie jaar reeds die volgende flieks vertoon:
Aan die begin van Lydenstyd (1 Maart 2009) het ons gekyk na *Hansie*, die verhaal van krieketkaptein Hansie Cronje wat op die toppunt van 'n roemryke loopbaan die wêreld aan sy voete het maar wat deur verkeerde keuses tot 'n val kom, en wat dit hom gekos het om die Here se vergiffenis te aanvaar en weer homself te vergewe. Craig Matthews, jare lange vriend en spanmaat van Hansie, het die film ingelei deur ons meer te vertel van Hansie, die mens agter die krietketkaptein, en vir ons meer agtergrond gegee oor die internasionale krieketwêreld.



Op Palmsondag (5 April 2009) het ons gekyk na *The Passion of the Christ*, Mel Gibson se aangrypende film oor Jesus se laaste 12 uur voor Sy kruisiging op Golgota.




Vir ons volgende geleentheid op 7 Junie 2009 sal die boekwurms 'n kans kry. Jeanne Els gaan ons besoek om te praat oor die lig- en donkerkant van die lewe vanuit haar boek "Ligdans: Depressie-vegters se verhale van hoop." Hou die bulletin dop vir meer inligting! Hierdie is beslis nie 'n geleentheid om te mis nie. Ons wil jou graag daar sien!

# VERSLAG OOR 'N RETRAITE NAWEEK:

Stel my voor in 'n "Retraite". Ek kon self nie! So het Myrtle (eggenote) my gereeld gepor dat dit tyd is dat ek my gesig wys. Ek was natuurlik baie skepties, want tot op daardie stadium was nie een van my nabye kennisse/familie by so 'n byeenkoms nie.

Sy vang my toe in een van my swak momente en ek sê ja. So vind ek dan myself te Bettiesbaai en Dr Riaan van der Merwe is ons daar te wagte.

Met die aankoms is al die gesigte vriendelik, maar min word gepraat? Ek was natuurlik so 'n skroomheid te wagte as gevolg van my skeptisisme totdat die naweek begin.

Dr van der Merwe lei ons met tekse uit die Bybel. Hy hou byvoorbeeld die volgende aan ons voor: Romeine 8:31 – 39; 11:33 – 36; 12:1 – 2.

Die res van die naweek sal ons spandeer deur niks te praat nie en ons konsentreer op sekere gedeeltes (uit die Bybel) wat aan ons gegee word soos die naweek verloop. Ek het natuurlik nou tyd om oor al die gewar van die vorige week of twee te dink, en ek kry ook tyd om aan die geskrewe gedeeltes te begin dink. Ek het ook nou tyd om die gedeeltes uit verskeie Bybels, en hul kommentaar, te lees. Dit gee my 'n ander insig en bring rustigheid oor my wat ek nie maklik andersins kry nie.

Die tyd spandeer was dus baie sinvol en sedertdien het ek al twee ander "retraites" bygewoon. Ek wens net ek kon al my vriende en kennisse van ons Kerk beïnvloed om ook te kom!

deur Jacques Edwards

# RETRAIT NAWEEK 2009:

Wanneer: 18 – 20 September 2009
Waar: Schoenstatt Retreat & Training Centre, Constantia
Koste: R450 per persoon
Programleier: dr Riaan van der Merwe

Kontak Esmari Borchardt 021 788 9161 of Shani Vavruch 021 712 0935 vir navrae en om jou plek te bespreek.





Foto's van verlede jaar se Retrait te Noordhoek

# CONSTANTIA JEUGNUUS:

Die kwartaal het vinnig verby gesnel en 'n mens kon nie voorbly nie.

Die Koffiekroeg het Februarie afgeskop met 'n vlugbalaand gekombineer met 'n beplanning-sessie. Daar was kopgekrap en soms 'n gelag dat die trane loop. Maartmaand het ons die hitte uitoorlê met 'n heelike Wartlemoenfees by Constantia Akademie se swembad.

Rina en Dricky Myburgh het die Kids X-press seminar in Somerset-Wes gaan bywoon waar hulle baie inligting oor die Jeug gekry het. Die seminaar is deur Jeugwerkers van Namibië tot in Pretoria bygewoon.

Ons was ook bevoorreg om Ds Wouter Olivier te nooi vir 'n Jeugdiens op 15 Maart. Ds Wouter is verbonde aan La Rochelle gemeente, maar is ook saam met Gielie Loubser betrokke by die Sinode se Jeugbediening. Sy preek oor die Bybel sal ons lank by bly.

Agt van ons Dooplidmate het op Sondag 29 Maart 2009 belydenis afgelê by die oggenddiens. Die ander 6 het die aand te Houtbaai hulle belydenis afgelê waar hulle pa's die voorreg gehad het om Nagmaal aan hulle te bedien. Wat 'n wonderlike dag! Sien 'n foto van hul almal op die voorblad.

**Wat gaan ons aanvang in die 2de kwartaal?**

Op die 19e April gaan die kinders besoek aflê by Stellenberg gemeente. Ons kom 17h15 by die kerk saam en dan sal ons Durbanville toe ry vir die Jeugdiens. Almal wat wil saam gaan moet vir Rina laat weet teen 17 April sodat sy genoeg vervoer kan reël.

Ons is ook tans besig om die Jeug se terugvoering te kry oor waar hulle betrokke wil wees in die kerk asook waarvan hulle hou/nie hou nie en hoe ons dinge kan verander. Daar is nog heelwat terugvoeringvraelyste uitstaande. Kontak asb. vir Rina as daar 'n vraelyste benodig word.

| | |
|---|---|
| 19 Apr | Aanddiens by Stellenberg |
| 24-27 Apr | Jeugkamp |
| April | Teddiebeerfeesvoorbereiding – Lekkergoed |
| 1 Mei | Teddiebeerfees – Lekkergoedtafel & spookasem |
| 8 Mei | Koffiekroeg: Ten Pin Bowling |
| 10 Mei | Kategese: Nagmaal les |
| 17 Mei | Kindervriendelikenagmaal |
| 5 Jun | Koffiekroeg: Bybelvasvra & Pannekoek |
| 7 Jun | Jeug Voorsang |
| 7 Jun | Kinderdankoffer |
| 31 Jul | Koffiekroeg: Ysskaats |
| 2 Aug | Ontmoeting ouers & onderwysers |
| 30 Aug | Muntlegging - Braille Bybels |
| 4 Sep | Koffiekroeg: Geestelike groei |
| 10 Okt | Cor Uys - Karolis & Lente –Malmesbury |
| 16 Okt | Koffiekroeg: Boeresport |
| 13 Nov | Koffiekroeg: Geestelike groei & vul 'n box projek |
| 28 Nov | Kersspel by Rusoord |
| 29 Nov | Kersspel by Huis Nuweland |
| 4 Des | Koffiekroegafsluiting - Oorslaap by die kerk |








# DANKOFFERVELDTOG:

Tydens die onlangse Kerkraadsvergadering van 6 Maart 2009 is daar besluit om 'n dankofferveldtog, soortgelyk soos dié in 1987 en 2000, te loods en om alle lidmate tot verantwoordelike rentmeesterskap aan te spoor.

**WAAROM NODIG:**
Nie alle lidmate lewer hul bydraes / gereelde bydraes nie en nie almal lewer 'n bydrae "na vermoë" en/of "met blymoedigheid" nie. Die dienswerkers vind dit soms moeilik om maandeliks by al die besoekpunte uit te kom en nie almal is rekenaarvaardig ten einde elektroniese inbetalings te maak nie.

Die gevolg is dat die dankofferinkomste nie is wat dit behoort te wees nie, die begroting en werksaamhede van die onderskeie diensaksies besnoei moet word en die Here se saak uiteindelik skade ly. Moontlik is sommige dankoffers dalk ook nie vir Hom aanneemlik nie vanweë 'n verkeerde gesindheid.

**DIE IDEAAL:**
Dat elke lidmaat bydra na vermoë en in die regte gesindheid en self verantwoordelikheid neem vir sy/haar dankoffer.

**TOT DUSVER:**
Albei die vorige Dankofferveldtogte wat geloods was in 1987 en 2000 was uiters geslaagd, maar soms is dit nodig vanweë die dinamika van die gemeente en die kerk dat die saak rondom rentmeesterskap weer aangeroer moet word.

Die ongeouditeerde state van die onlangse finansiële jaareinde vir 2008/09 dui op 'n verlies van R 27,245. Dit is nie 'n gewenste situasie dat sulke verliese jaar-op-jaar onbepaald voortgaan nie, en is dit in almal se belang om pro-aktief op te tree ten einde só situasie af te weer.

**DANKOFFERVELDTOG DOELWITTE:**
Die beplande dankofferveldtog vir 2009 stel die volgende doelwitte voor aan alle lidmate ten einde hul kommentaar en/of voorstelle in te win vir verdere bespreking en moontlike aanpassing vir implimentering:

- ☺ Om lidmate vanuit die Woord te herinner aan hul roeping as rentmeesters;
- ☺ Om lidmate aan te spoor om God ook deur hul dankoffers te verheerlik;
- ☺ Om lidmate tot groter offervaardigheid aan te spoor;
- ☺ Om lidmate op te voed om self verantwoordelikheid vir hul dankoffers te neem in plaas daarvan dat iemand dit by hulle moet kom afhaal en
- ☺ Om lidmate gereeld in te lig oor die stand van die Kerk se finansiële sake.

**AANLEIDING TOT VELDTOG:**
Ons is almal geroepe om God in alles te verheerlik en dit blyk dat baie lidmate hierdie roeping t.o.v. hul dankoffers versuim. Dit is voorts ook die kerkraad se verantwoordelikheid om te waak oor God se eer in die gemeente. Verder, het laasgenoemde saak veral dringend geword vanweë die gemeente se finansiële verpligtinge en finansiële nood op ander kerklike terreine.



# SO 'n BIETJIE HUMOR:



**Halwe werk**
"Wat doen jou pa?" vra die sekretaresse 'n seuntjie op die eerste skooldag.
"Hy is 'n towenaar," kom die antwoord.
"Hoe opwindend. Wat is sy beste toertjie?"
"Hy saag mense in twee."
"Indrukwekkend! Het jy nog boeties en sussies?"
"Ja, ek het 'n halfbroer en twee halfsusters."

**Departement**
"n Passasierstraler moes deur 'n kwaai donderstorm vlieg. Die passasiers is redelik rondgegooi deur die turbulensie. 'n Jong dame wat langs 'n predikant gesit het, vra hom met 'n bewerige stem: "Dominee, kan jy dan nie iets oor hierdie storm doen nie?"
Sy antwoord was: "Dame, ek is in Bemarking, nie Bestuur nie."

# HOUTBAAI EREDIENSSPAN:

Dit is met groot dankbaarheid dat ons terugkyk oor die eerste kwartaal van 2009 wat reeds in die niet verdwyn het.

Die kwartaal het werklik met 'n feesdiens begin op die 25ste Januarie toe ons eerste gesinsdiens ook 'n doop ingesluit het. Besoekers en lidmate het tot in die portaal gesit – wat 'n voorreg om 2009 op so 'n hoogtepunt te kon afskop. Ons sien uit na die res van die jaar en glo dat dit maar net die begin van 'n jaar van groot seëninge vir die gemeente sal wees. Ons is die Here ook ewig dankbaar vir die eerste doopviering en onderdompeling wat die kwartaal in Houtbaai gehou is, die van klein Demi Steenkamp. Wat 'n geseënde en verreikende ervaring vir almal wat die besondere geleentheid bygewoon het.

Die Houtbaai-eredienste is nou ook so gestruktureerd dat elke maand afskop met 'n gesinsdiens waartydens alle kinders in die erediens bly terwyl daar spesiaal voorsiening gemaak word vir kleiner kinders in afsonderlike klassies gedurende die ander eredienste in die maand. Elke erediens se klankbaan is ook beskikbaar op ons webwerf en lidmate en vriende kan van heinde en verre via die internet inluister na afloop van elke erediens.

Ander hoogtepunte van die eerste kwartaal sluit in die besoek van Nadine Blom wat tydens die gesinsdiens in Maart ons "praise & worship" gelei het asook die belydenisaflegging van ons jongmense gedurende 'n Aandnagmaalsgeleentheid op Sondagaand 29 Maart. Laasgenoemde dienste was 'n ware feesgeleentheid waar almal ook die kans gehad het om hulle persoonlike getuienis in die openbaar te deel - 'n ware inspirasie aan ieder en elk wat daar was.

Ons almal sien natuurlik ook uit na die Pasgamaal wat op die Donderdagaand van Paasnaweek aangebied word. Hier beleef ons die Eksodusverhaal en voel ons die gebeure aan eie lyf deur opnuut te identifiseer met die Israeliete se bevryding van hul slawerny in Egipte. Terselfdertyd volg ons in Jesus se voetspore - Hy en sy dissipels het ook op die aand voor sy kruisiging die Pasga gevier.

Die jaarlikse Pasgamaal het waarlik 'n besondere mylpaal op ons kerkkalender geword en ons sien elke jaar met groot opgewondenheid uit daarna – dit is wonderlik hoeveel seën en inspirasie ieder en elk daaruit put!

Bowenal ons dank aan die Here vir Sy seën op ons werk – veral as ons ook kyk na die kerkbywoning wat ook oor die afgelope 3 jaar beduidend verbeter het.

Ons gemiddelde kerkbywoning het sedert 2006 (gemiddeld 54 mense per erediens) verbeter met ±35% groei gedurende 2007 (gemiddeld 73 mense per erediens), 'n matige daling van ±11% in bywoning gedurende 2008 (gemiddeld 66 mense per erediens) met 'n baie belowende eerste 3 maande van 2009 met 'n verdere ±14% groei (75 mense per erediens). Ons dank aan die Here vir Sy antwoord op ons gebed en die talle nuwe gesigte in die erediens!!

Ten slotte ons spesiale dank aan Vernon vir sy toewyding en besondere eredienste – ieder en elk het die WOORD oor die afgelope 2 jaar beter leer ken en dit opnuut leer liefkry; dank aan ons "praise & worship" span vir hulle inspirerende sangbegeleiding en dank aan Kobus Stander wat na jare se ondersteuning, harde werk en opoffering om die kerk altyd netjies en gereed te hou, die tuig neergelê het.

Aan Jaco Smit wat die leisels met entoesiasme reeds oorgeneem het – baie sterkte met jou take en verantwoordelikhede, ons is span wat met entoesiasme saamwerk en ons sien uit na 'n uitdagende 2009. Ons nooi ook almal uit wat moontlik nog sy/haar roeping binne die gemeente soek – kom raak betrokke en beleef die Heer se seën op jou arbeid!!




Besoek gerus hulle webtuiste by
www.houtbaaigemeente.co.za

**HUMOR OP DIE INTERNET**

Die jong egpaar het hulle bejaarde leraar vir Sondag middagete genooi. Terwyl hulle nog in die kombuis doenig was, vra die leraar die seuntjie wat hulle sal eet.
"Bok," antwoord hy beslis.
"Bok? Is jy seker?" vra die verbaasde leraar.
"Ja," kom die antwoord. "Ek het gehoor Pappa sê vir Mamma ons kan maar net sowel die ou bok vandag vir ete hê."
http://www.cybersalt.org/cleanlaugh

# OMDAT ONS KLEIN IS …

‘n Lang tyd het verloop sedert ons laaste episode van hierdie rubriek. Dit was natuurlik as gevolg van ons heerlike feesjaar om ons gemeente se 40ste verjaarsdag te vier. Net om die geheue te verfris, die volgende:

Jesse Overholster, wat nie ‘n kerklidmaat kon word nie omdat hy, volgens sy ouers, te jonk was en nie sou verstaan waaroor dit gaan nie, het eindelik vir Jesus as Verlosser aangeneem. Hy het die bladsy van Matteus 18 stukkend gelees. Daar het hy ontdek dat kinders kán verstaan waaroor dit gaan, en dat kinders kán gered word en seker kan wees dat hulle kinders van God is. Hy wou aanvanklik ‘n Regter geword het, maar toe voel hy dat die Here vir hom ‘n ander roeping het. Hy het met baie kinders gepraat oor hulle siele, hy het gepreek oor die onderwerp, hy het met predikante gepraat. In 1936 het Jesse die land deur gereis en kerke besoek en ondersteuning gevra en kerke genooi om deel te neem aan dit wat hy gevoel het ‘n broodnodige behoefte is: ‘n organisasie wat gerig sal wees op die kinders en hulle geestelike opvoeding. Sommige predikante was skepties, ander weer het hom ten volle ondersteun en baie bidure tot laatnag is gehou. Eindelik is besluit dat die organisasie “Child Evangelism Fellowship” gestig sal word, en hulle leuse sal wees: “Capture the Children for Christ”. Die stigtingsdatum – 20 Mei 1937. Verskeie dinamiese predikante is gevra om op die komitee van die organisasie te dien.

Sedert die ontstaan van die organisasie het dit soos ‘n veldbrand versprei oor die wêreld en mettertyd is daar baie Goeie Nuus Klubs gestig, en baie kinders het die Here Jesus as hulle persoonlike Verlosser gevind. Vandag is daar ‘n paar Kolleges wat steeds jaarlik kinderwerkers oplei om die Evangelie aan kinders oor te dra op ‘n verstaanbare manier en hulle te lei om Jesus te ken as Verlosser.

Hierdie verhaal van Jesse Overholster is ‘n ware en inspirerende verhaal van hoe God een mens kan gebruik om ‘n wêreldse verskil te maak. By God is dit nie belangrik hoe oud, hoe ryk, hoe geleerd, hoe talentvol jy is, of hoeveel status jy in die samelewing besit nie. Die Here roep nie net mense wat begaafd is nie, maar mense wat gewillig is. Daarvoor het Hy die Heilige Gees gestuur, sodat ons deur Hom gelei, gehelp en voorberei kan word vir die taak wat die Here nog vir ons het. Ons is so dankbaar dat ons kinders vandag so baie geleenthede het waar hulle geestelik kan groei. Eerstens is daar ons Christen ouers wat erns maak met hulle kinders se geestelike welstand, dan het ons ook ons Kerk en die Sondagskool. By sommige skole word Godsdiens ook nog ernstig opgeneem, iets waaroor ons oneindig dankbaar is. Goeie Nuus Klubs word ook nog wêreldwyd gehou, en dan het ons ook ons Sendelinge wat baie werk met die kinders.



Laat ons Matteus 18 baie ernstig opneem, veral vers 5 wat sê: “Wie ‘n kindjie in My Naam ontvang, ontvang My.” Ek hoor dikwels die aanmerking: “Ek weet nie wat my doel hier op aarde is nie, ek kan niks doen nie, want ek het nie talente nie.” Dis nie waar nie. Daar is so baie geleenthede om in iemand se lewe, klein of groot, ‘n verskil te maak. Gebruik elke geleentheid wat die Here na jou kant toe stuur. Die resultate sal jou verstom, dit sal werk soos suurdeeg!
*Is jy te klein vir die preekstoel? Vertel jou maatjies by die skool dan van Jesus. Voel jy jy kan nie meer hardloop en rondgaan soos vroeër nie? Buig dan net jou knieë of vou jou hande in gebed vir die wat kan sodat die Woord van die Here steeds versprei sal word. Het jy nie eers meer tyd vir jouself nie? D.L. Moody het gesê hoe besiger sy program vir die dag is, hoe meer tyd moet hy in gebed deurbring. Is ons nie maar almal skuldig aan dié tyd-faktor nie?*

Volgende keer sal ek ‘n storietjie vir ons kleiner maatjies plaas. *(Stuur asseblief vir my stories in wat u kinders en hulle Godsdiensbelewing raak. Ons wil dit graag in hierdie rubriek plaas. Dankie. HELMIEN Prins)*

## Wat laat jou bid?

Wat het jy nodig om te begin bid? Sommige mense bid elke dag, en ander sien dit as net ’n laaste uitweg. Hulle soek God eers nadat hulle alle ander maniere van hulp uitgeput het.

Ongeag watter soort bidder jy is, is daar seker nie ’n beter tyd as nou om vir ons land te begin bid nie. Ekonomies gaan dit moeiliker as in baie jare. Moreel het ons baie ver agteruit gegaan op alle gebiede, omdat God se standaarde nie meer in tel is nie.

Christene voel dikwels hulpeloos in die lig van die misdaad en korrupsie in ons land. Maar ons kan ’n groot verskil daaraan maak, deur vir ons land ernstig in gebed in te tree. ~ Charles Stanley